

FOKUS

Die oogpunt met hierdie rubriek is om 'n forum te skep waarin artikels van 'n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer kan word. Artikels wat byvoorbeeld gerig is op die kerklike bedieningspraktyk, pastorale probleemhantering, spesifieke bedieningsfasette, die identifisering van probleemareas in die gemeentelike praktyk ensovoorts, kan in hierdie rubriek geplaas word.

Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet aan dieselfde tegniese vereistes as die navorsingsartikels voldoen en word aan 'n interne keuringsproses onderwerp. Wanneer sodanige artikels voorgelê word, moet die outeurs dus spesifiek vermeld dat die artikels vir hierdie kategorie bedoel is. (Artikels wat in hierdie rubriek geplaas word, verdien geen subsidie vir universiteite nie.)

Die redaksie wil dan 'n vriendelike uitnodiging aan ons medewerkers en leserskorps rig om hydraes vir hierdie rubriek te stuur - laat ons uit mekaar se bedieningsondervinding en -insette leer sodat ook die koninkryk ten beste gedien kan word.

Inhoudsopgawe

Dirk Postma

Gedagtes oor die wese van (verbonds)prediking

91

